Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 3, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE ADMINISTRATIEWE DIENSKORPS

**KAPT J.E.H. GROBLER**

**The Administrative Service Corps was officially established in 1949. The history of administrative services in the South African Defence Force, however, stretches back to the establishment of the Department of Defence in 1912. An administrative staff for that Department had to be appointed at its inception. The First World War was responsible for a substantial increase in administrative duties, but after the end of the German South West Africa campaign considerable reductions followed. During the period between the two World Wars, organisational changes in administrative services took place. Amongst other things, a Service Corps, an Ordnance Corps and an Administrative, Pay and Clerical Corps were established in 1923. At the outbreak of the Second World War in 1939 these three Corps were disbanded and taken over by the newly formed 'Q' Services Corps, which was renamed Administrative Service Corps in 1949.**

**In the first years after its establishment, training of the personnel of the Administrative Service Corps was somewhat neglected. The result was an impression that the Defence authorities would be satisfied with a low standard of Corps personnel, and a stigma of slackness was thus attached to the Corps. Although the standard of training was drastically raised, especially during the early seventies, the stigma remained right up to the disbandment of the Corps in 1975. That stigma, coupled with the vague Corps-organisation which crippled the efficiency of the Corps, was one of the main reasons for the eventual disbandment. The Corps was only two years old when the first of many attempts to disband it was launched. Eight Corps were separated from the Administrative Service Corps before final disbandment, which occurred in 1975.**

**The history of the Administrative Service Corps is a history of the attempts to disband it, and the reasons for the failure of most of those attempts.**

## 1. Administratiewe dienste in die Unieverdedigingsmag, 1912—1939

Alhoewel die Administratiewe Dienskorps in 1949 amptelik tot stand gekom het, het administratiewe dienste in die Unieverdedigingsmag net so 'n lang geskiedenis soos die Unieverdedigingsmag self. Die het naamlik in 1912 ontstaan toe daar in die Verdedigingswet (Wet No 13 van 1912), waarkragtens die Departement van Verdediging op 1 Julie 1912 as afsonderlike Staatsdepartement begin funksioneer het, vir die instelling van onder andere 'n Administratiewe Staf vir die militêre distrikte en subdistrikte voorsiening gemaak is (artikel 30). Dit het onder die regstreekse beheer van die Stafoffisier vir Administratiewe Pligte geval. Die administrasie van verdedigingsake, insluitende dié van die burgermag- en vrywilligersorganisasies van die vier kolonies wat na 1910 die Unie gevorm het en tot 1912 deur 'n afdeling van die Departement van Binnelandse Sake beheer is, is daardeur gemilitariseer.

Die Administratiewe Afdeling van die Verdedigingshoofkwartier was eerstens belas met aangeleenthede wat in verband met krygsbehoeftes gestaan het. Dit het alle wapens en ammunisie (waaronder kanonne en die bestelling en montering daarvan); uitrusting; kleding; voorrade; transport (waaronder saals vir die berede afdelings); veeartsenydiens en (tot 1 Desember 1913) geneeskundige diens ingesluit. Die eerste stap was om die verskillende bestaande provinsiale ondernemings te amalgameer; tweedens om die hoeveelheid en toestand van die voorrade in daardie ondernemings vas te stel, en daarmee saam watter van die voorrade in die nuwe gesamentlike onderneming gebruik sou kon word; derdens om die onmiddellike en langtermyn behoeftes in verband met voorrade in die algemeen te bereken; en vierdens om die nodige reëlings te tref om daardie voorrade te bekom.

Die voorradestaf, wat maar klein was en meesal sonder ondervinding op die gebied van krygsvoorrade, is aan die begin onder die werk toegegooi. Grootskaalse tussendepot oorplasings van voorrade was noodsaaklik, en 'n nuwe boekhoumetode om die vier verskillende metodes van die eertydse kolonies te vervang, moes in werking gestel word. Daarby was die Suid-Afrikaanse Polisie se voorradeonderneming toe nog ingeskakel by dié van die Unieverdedigingsmag. Spesiale kledingdepots moes geskep word, en grootskaalse vervanging van voorrade was oor die algemeen nodig. Personeeluitbreiding en die opleiding van personeel vir spesifieke voorraadtake, soos byvoorbeeld wapensmids, moes dus van die staanspoor af onderneem word.

Die Administratiewe Afdeling van die Verdedigingshoofkwartier was tweedens belas met die algemene take wat nie deur die Voorrade-afdeling behartig is nie. Dit het onder andere ingesluit die instandhouding van geboue, die oprigting en instandhouding van skietbane, en die stafaangeleenthede en gemagtigde uitgawes van die Administratiewe Afdeling. Ook wat hierdie funksies aan betref was dit moeilik om geskikte personeel te vind om die verskeie poste wat gespesialiseerde kennis vereis het, te vul. Daar is egter vinnig vordering gemaak. Die eerste Stafoffisier vir Administratiewe Dienste, luitenant-kolonel M.C. Rowland, het inderdaad binne twee jaar 'n stewige fondament gelê waarop daar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 met vrug gehou kon word.[1]

Suid-Afrika se toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog en die beplanning van die Suidwes-Afrika veldtog het, weens die geweldige uitbreiding in die omvang van verpligtinge, 'n meer gespesialiseerde administratiewe organisasie as dié een wat tot 1914 bestaan het, vereis. Administratiewe dienste is dus verdeel in provianddiens, veeartsenydiens, posdiens, betaaldiens, transport- en perdevoorsieningsdiens, krygsbehoeftediens en die dienste van die Kwartiermeester-generaal. Korpsstigting vir sekere dienste het ook spoedig gevolg, waaronder die Suid-Afrikaanse Veldpos en Telegraafkorps, wat tydens die veldtog in Suidwes-Afrika agt basisposkantore en meer as sestig veldposkantore opgerig het; die Veeartsenykorps; die Intendanskorps, waaraan die provianddiens en transporten perdevoorsieningsdiens toegevoeg is; en die Krygsbehoeftedienskorps. Gedurende 1915 is daar 'n Direkteur van Werke, 'n Inspekteur van Waterboring en 'n Kontroleur van Naturelle-arbeid tot die Administratiewe Afdeling toegevoeg. Laasgenoemde moes naturelle-arbeid ten opsigte van indiensneming, registrasie, indeling op aanvraag van die Kwartiermeester-generaal, en ontslag voorsien en beheer.

Nieteenstaande die deeglike administratiewe beplanning was dit telkens vir die bevelvoerder van die Unieverdedigingsmag nodig om sy ondergeskiktes op ongerymdhede te wys. So het dit gebeur dat offisiere van eenhede te velde op eie inisiatief en sonder enige magtiging goedere aangekoop het, terwyl die voorrademagasyne in staat was om sodanige goedere te verskaf. Hulle moes daarop gewys word dat dit verkeerd was. Voorts moes sommige offisiere ook daarop gewys word dat die gebruik om na 'n oorwinning die buit, soos perde en wapens, vir eie gebruik te behou, of onder die manskappe te versprei, totaal buite orde was. Sodanige goedere moes naamlik so gou moontlik aan die Senior Administratiewe Offisier by die troepe oorhandig word, wat dit dan in oorleg met die Kwartiermeester-generaal in belang van die oorlogspoging as geheel sou laat aanwend. Die gemelde ongerymdhede kan toegeskryf word aan die stelsel waaraan die oud-Boereoffisiere tydens die Tweede Vryheidsoorlog gewoond geraak het, naamlik aan die een kant geen amptelike proviandering, en aan die ander kant die beginsel om te leef van die buit wat van die vyand geneem is.

Die Suid-Afrikaanse veldtog in Duits Suidwes-Afrika het in 1915 'n verdere administratiewe taak meegebring, naamlik beheer deur die Seevervoeroffisier oor die inskeep van bagasie en goedere na en van Suidwes. Na afloop van die veldtog is daar egter aansienlike inkortings deurgevoer. Die krygsbehoeftedepots wat in Suidwes-Afrika opgerig is, is weer gesluit, en die Leërposdiens het ook opgehou bestaan. Vir die res van die Eerste Wêreldoorlog is die Suid-Afrikaanse magte se administrasie op operasionele vlak deur die Britse Leër behartig, en daar het geen verdere uitbreidings plaasgevind nie. Noemenswaardig in daardie tydperk was die amptelike verandering vanaf Maart 1916 van die benaming van die Stafoffisier vir Administratiewe Pligte na Kwartiermeester-generaal.[2]

In die tydperk tussen die twee Wêreldoorloë het daar wat administratiewe dienste betref, ingrypende organisatoriese veranderinge plaasgevind. Met die hersamestelling van die Staande Mag in 1923 het daar naamlik onder andere die volgende drie korpse tot stand gekom:

Die Suid-Afrikaanse Intendanskorps.

Die Suid-Afrikaanse Krygsbehoeftedienskorps.

Die Suid-Afrikaanse Administratiewe-, Betaal en Klerklike Dienskorps.

Eersgenoemde twee korpse, wat onderskeidelik vir kommissariaat- en transportfunksies, en vir krygsbehoeftevoorrade verantwoordelik was, het steeds onder beheer van die Adjudant-generaal gekom. val. Laasgenoemde, wat vir personeel- en algemene administrasie verantwoordelik was, het onder beheer van die Adjudant-Generaal gekom. Veral wat betref die Krygsbehoeftedienskorps het

1. Report of the Department of Defence for year ending 30 June 1913 (UG 61 — '13).
2. UDF General Orders, Volumes I and II, General orders 4, 18, 149, 194, 229, 243, 374, 399, 466, 524, 525, 571, 607a, 777, 778 and 959.

die reorganisasie grootskaalse militarisasie van personeel meegebring. Talle burgerlike personeellede is in die proses na ander Staatsdepartemente oorgeplaas, en deur leerlinge vervang. Dit het natuurlik tydelike verwarring en ongemak veroorsaak, maar die militarisasie is sonder noemenswaardige probleme afgehandel, en die deeglikheid van die korps is volgens die destydse Kwartiermeester-generaal, kolonel C. Brink, deur militarisasie verhoog.

Die totale sterkte van die drie korpse was in 1926 244 personeellede, waarvan 25 offisiere was, en in 1929 230. Daarvan was die ongeveer 35 toe in die Intendanskorps werksaam by Verdedigings- en kommandementshoofkwartiere en in die voorraadmagasyne in Pretoria en Kaapstad waar hulle die voorsiening, opberging en boekhouding van voorrade, soos voedsel, voer en brandstof, en transportdiens behartig het. 'n Verdere sowat 65 was in die Krygsbehoeftedienskorps werksaam by Verdedigings- en kommandementshoofkwartiere en in die krygsbehoeftemagasyne in Pretoria, Kaapstad en Tempe, waar hulle die klerklike- en bewaringsdienste met betrekking tot die bevoorrading, opberging, uitreiking en boekhouding van krygsvoorrade, waarby tegniese sowel as nie-tegniese artikels en ammunisie ingesluit is, behartig het. Die Administratiewe-, Betaal en Klerklike Korps met sy ongeveer 100 lede was teen 1929 die grootste van die drie korpse. Die personeel daarvan was by Verdedigings- en kommandementshoofkwartiere verantwoordelik vir algemene-, personeel- en betalingsadministrasie, en sommige het as betaalmeesters of betaalklerke gedien. Die grootste enkele groep van hulle was in die Adjudant-generaal se afdeling by Verdedigingshoofkwartier werksaam.[3]

Weermagslede wat tot hierdie drie korpse toegevoeg is, het aanvanklik geen formele opleiding geniet nie, maar het 'in diens' opleiding ontvang. Teen die einde van die tydperk is daar wel eenvoudige administratiewe kursusse aangebied. Klerklike personeel van die Krygsbehoeftediens wat in Pretoria gestasioneer was, en die personeel van die Administratiewe-, Betaal en Klerklike Dienskorps by Verdedigingshoofkwartier het naamlik die Adjudant-generaal se groepopleiding meegemaak. Die opleiding van die personeel van die drie korpse is egter oor die algemeen aan hulleself oorgelaat. Kwalifisering vir bevordering tot by stafsersant of van tweede-luitenant tot majoor het deur middel van eksaminering na afloop van voorgeskrewe dienstydperke in elke rang geskied. Eksamens is jaarliks afgeneem. Personeel wat geregtig was om te skryf het aansoek gedoen om op 'n oplopende basis soveel vakke as wat hulle voor kans gesien het, te skryf. Daar was geen kwalifiserende kursus nie. Elke individu moes homself in sy eie tyd voorberei.

Daar was geen korpsorganisasie vir enigeen van die drie korpse nie. Poste is in die eenheidsorganisasies geskep op grond van die besondere behoeftes van die hoofkwartiere en eenhede, in die range en kategorieë soos plaaslik benodig is. Alhoewel die personeel in elke korps in ooreenstemming met bedryfskategorieë in diens geneem is, is klerke en stoormanne as uitruilbaar beskou en vryelik binne hulle korpse heringedeel om vakante poste te vul. Tussen-korps oorplasings het ongereeld maar wel in sekere gevalle plaasgevind. As gevolg van die kleinheid van die Staande Mag het bevordering stadig plaasgevind en was verplasing tussen hoofkwartiere en eenhede minimaal. Die enkele herindelings wat toegelaat is, het feitlik geen uitwerking op die betrokke individue gehad nie, en ook nie die oorkoepelende effektiwiteit beïnvloed nie, aangesien aktiwiteite teen 'n stadige pas afgehandel is en daar maar 'n beperkte veld van en hoeveelheid voorrade en ammunisie gebruik is.

Gedurende die tydperk 1923 tot 1939 is daar geen verandering aan die organisasie, struktuur of funksies van die drie korpse aangebring nie. In Maart 1939 het Kwartiermeester-generaal oor die Krygsbehoeftedienskorps beheer uitgeoefen deur middel van 'n Bevelvoerder, Suid-Afrikaanse Krygsbehoeftedienskorps wat 'n aparte hoofkwartier by Verdedigingshoofkwartier gehad het. Dit is nie duidelik wanneer hierdie aanstelling goedgekeur is nie, maar dit wil voorkom asof dit vroeg in 1939 was. Kwartiermeester-generaal was ook deur middel van 'n Adjunkdirekteur van Krygsbehoeftedienste verantwoordelik vir die funksionele beheer oor die krygsbehoeftedienste (naamlik die voorsiening, hantering en boekhouding van alle krygsbehoeftevoorrade, en die organisasie en bediening van alle voorraaddepots en magasyne). Wat die presiese verhouding tussen Kwartiermeester-generaal, die Adjunkdirekteur van Krygsbehoeftedienste, en die Bevelvoerder, Suid-Afrikaanse Krygsbehoeftedienskorps was, is onseker. Wat wel seker is, is dat laasgenoemde na die reorganisasie in April/Mei 1939 op die staf van die Adjunkdirekteur was. Die Bevelvoerder Krygsbehoeftedienskorps het die korps bestuur en gedetailleerde

3. Departement van Verdediging: Verslae vir die jaar eindigende 30 Junie 1923, afdeling IV, en vir die jaar eindigende 30 Junie 1926, p 13.

personeeladministrasie-verslae in stand gehou, terwyl die Adjudant-generaal slegs vir die hooflêers en -verslae verantwoordelik was.

Die Kwartiermeester-generaal was teen Maart 1939 steeds in bevel en beheer van die Intendanskorps. In hierdie korps was daar nie 'n adjunkdirekteur of korpsbevelvoerder nie, en die Kwartiermeester-generaal het ook nie gedetailleerde personeelverslae in stand gehou nie. Die Adjudant-generaal was verantwoordelik vir die personeeladministrasie van dié korps, asook van die Administratiewe-, Betaal en Klerklike Dienskorps. In laasgenoemde korps was daar ook nie 'n adjunkdirekteur of korpsbevelvoerder nie.

Gedurende 1933 het daar by Verdedigingshoofkwartier 'n Tegniese Diensafdeling onder 'n Direkteur van Tegniese Dienste, wat aan die Hoof van die Generale Staf verantwoordelik was, tot stand gekom. Dit was verantwoordelik vir alle tegniese voorrade en gereedskap, insluitende artillerieammunisie, plofstof, vliegtuig- en artilleriedepots, meganiese transport, gepantserde gevegsvoertuie en arsenale. In 1937 is die benaming van hierdie afdeling verander na Lug- en Tegniese Diensteafdeling onder 'n Direkteur van Lug- en Tegniese Dienste. Die verantwoordelikhede van die afdeling het ook heel anders daarna uitgesien, want dit moes omsien na die opleiding van die Lugmag, vredestydse verplasing van vliegtuie, oorlogsvoorrade en bewapening vir die Lugmag, werkswinkels, inspeksie en herstel van tegniese uitrusting, die toets van bewapening en ammunisie en die uitgee van tegniese publikasies. Daardie Lug- en Tegniese Dienste-afdeling het in Mei 1939 egter weer onderverdeel in 'n Lugdiensafdeling onder 'n Direkteur van Lugdienste en 'n Tegniese Diensafdeling onder 'n Direkteur van Tegniese Dienste. Laasgenoemde is weer in Julie 1939 verander in die Tegniese Dienste- en Kusverdedigingsafdeling, 'n verandering wat twee maande later herroep is toe die verantwoordelikheid vir kusverdediging aan die Kwartiermeester-generaal opgedra is. Die Tegniese Diensafdeling is in November 1939 herstel, maar in die vorm van 'n Tegniese Dienskorps onder 'n Direkteur-generaal Tegniese Dienste.

Terselfdertyd is besluit om sowel die Intendanskorps, as die Krygsbehoeftedienskorps en die Administratiewe-, Betaal en Klerklike Dienskorps te ontbind, en al drie saam te voeg in 'n enkele Suid-Afrikaanse Administratiewe Korps onder die Kwartiermeester-generaal. Dit is binne 'n maand herdoop as die Krygsdienskorps 'Q Services Corps'). In praktyk het die Adjudant-generaal egter steeds saam met die Kwartiermeester-generaal sy beheer oor administratiewe dienste in die Unieverdedigingsmag behou.

Proklamasie 276 van 1939 het hierdie instelling van die Tegniese Dienskorps en die Krygsdienskorps gemagtig. Daardeur is proklamasie 17 van 1923 vervang, en is die administratiewe dienste in die Unieverdedigingsmag in November 1939, op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog, ingrypend gereorganiseer.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog en daarna was die funksies van die Tegniese Dienskorps duidelik afgebaken en die personeel daarvan saamgebind in 'n gelyksoortige geheel beperk tot verwante take, naamlik die hantering van voorrade en die uitvoering van take van 'n tegniese aard. Die Krygsdienskorps weer was 'n veelsoortige versameling van indiwidue in 'n verskeidenheid van take doenig. Daarvan was sommige verwant en sommige gespesialiseerd, maar die grootste gros was totaal losstaande van mekaar en het geen hoë graad van spesialisasie vereis nie. Krygsdienspersoneel is oor die hele Verdedigingsmag versprei en was verantwoordelik vir alle aspekte van algemene administrasie en logistiek wat nie in die veld van die Tegniese Dienskorps of die Suid-Afrikaanse Mediese Korps geval het nie.


Die Unieverdedigingsmag het na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sy volle aandag daaraan gewy om 'n oorlogsmag in die veld te kan stoot, en twee divisies is dan ook binne twee jaar op die been gebring. Administratiewe dienste het deur en as gevolg daarvan meer as verdubbel, en daar is ook op groot skaal aandag gegee aan administratiewe opleiding. Daardie opleiding was gerig op oorlogstoestande, en het dus wyd gestrek: inleidende infanterieopleiding; skietkuns; wagdienste; verskaffing en rantsoenering van voedsel, brandstof, ammunisie, kleding en voorrade te velde en in basisse, en die boekhouding daarvan, en ontplooiing teen vyandelike aanvalle en kamoeflering.[4]

Hoewel daar teen die einde van 1941 'n Suid-Afrikaanse Administratiewe Hoofkwartier in Noord-Afrika opgerig is, is daar in die Geallieerde oorlogspoging geen groot eise aan die Suid-Afrikaanse administratiewe organisasie gestel nie, want die Suid-Afrikaanse taakmagte is bedien deur

4. *The Nongqai*, December 1943, pp 1307 – 1311 (H.H. Curson: Our South African Regiments: 'Q' Services Corps).

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 3, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DO YOU KNOW THEM?



die Geallieerde logistieke struktuur te velde. Die elemente van die Krygsdienskorps en die Tegniese Dienskorps wat wel deel uitgemaak het van die Suid-Afrikaanse taakmagte, is geheel en al ingeskakel in en aangepas by die Britse administratiewe diens. Die organisasie in Suid-Afrika was eenvoudig daarop ingestel om aan die behoeftes van 'n hoofondersteuningsgebied te voldoen.

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die gepaardgaande demobilisasie en besnoeiing in verdedigingsuitgawes was daarvoor verantwoordelik dat administratiewe dienste in die na-oorlogse jare aansienlik ingekort is. In 1946 is 'n Krygsdiens- en Tegniese Personeeldepot by Lyttelton opgerig, en dit het onder die bevel van 'n gesamentlike bevelvoerder Krygsdienskorps en Tegniese Dienskorps gefunksioneer. Kwartiermeester-generaal was die beherende instansie oor hierdie personeeldepot, en ook oor alle krygsvoorrade, voertuie, ammunisie en plofstowwe, vervoer daarvan, die organisasie van alle voorrade-, bevoorradings- en vervoerdepots en werkswinkels. Slegs Krygsdienskorps en Tegniese Dienskorps is in daardie take gebruik.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was die Hoof van die Generale Staf ook ampshalwe die Hoof van die Leër. Hy het laasgenoemde funksie deur middel van die Direkteur-generaal van Opleiding en Operasies behartig. In November 1948 is die pos van die Direkteur-generaal van Opleiding en Operasies egter omskep in Direkteur-generaal Landmagte, wat sy eie hoofkwartier gehad het. Adjudant-generaal en Kwartiermeester-generaal (en dus die personeel van die Krygsdienskorps en Tegniese Dienskorps wat deur Kwartiermeester-generaal beheer is) het daardeur onafhanklik van beheer deur die leër geword, en het die leërbevelvoerder ontneem van beheer oor leër logistieke funksies. Hierdie feite was vir 'n ongesonde toestand van onparaatheid van die landmagte verantwoordelik. Boonop het daar feitlik onmiddellik personeelbeheerprobleme ontstaan, aangesien die Direkteur-generaal Landmagte as gevolg van sy natuurlike begeerte om groter beheer oor die logistiese beplanning van die leër te kry, in botsing met die Adjudant-generaal en Kwartiermeester-generaal gekom het. Daarom het daar op daardie stadium by die administratiewe personeel 'n gevoel begin posvat dat hulle 'nie tuishoort nie' en dat geen beherende instansie 'n konstruktiewe belangstelling in hulle as personeel toon nie. Dit was in hierdie allermins belowende stadium dat die Administratiewe Dienskorps amptelik tot stand gekom het.

## 2. Die totstandkoming en vroeë aard van die Administratiewe Dienskorps

In September 1949 het die destydse Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, in 'n persoonlike nota aan die Hoof van die Generale Staf sy wens uitgespreek dat die Krygsdienskorps se naam verander moes word na Administratiewe Dienskorps. Geen ander motivering vir die suggestie is toe of later gegee as net dat die voorgestelde naam meer beskrywend van die algemene funksies van die korps sou wees as wat die bestaande naam was nie. Die suggestie is opgevolg deur die Proklamasie 310 van 1949 uitgevaardig deur die destydse Goewerneur-generaal. Dit het so gelui:

> 'Nademaal dit raadsaam is om die benaming van 'n bepaalde eenheid van die Suid-Afrikaanse Staande Mag te verander; So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid en reg aan my verleen by subartikels (3) en (4) van artikel een van die Zuid-Afrikaanse Verdedigingswet, 1922 (Wet 22/1922) soos gewysig, hierby verklaar dat die benaming van die K-dienskorps, opgerig as 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Staande Mag kragtens Proklamasie 276/1939, van die datum van uitvaardiging van hierdie proklamasie af verander word in Administratiewe Dienskorps

In gemelde nota het Minister Erasmus voorgestel dat afsonderlike wapens vir elke kategorie binne die korps ontwerp kon word (byvoorbeeld administratief, store en transport) en dat spesiale onderskeidingstekens op die bo-arm gedra kon word. Hierdie suggestie is nie opgevolg nie. Dit beteken dat die vorming van die Administratiewe Dienskorps maar bloot op 'n herbenaming van die oorlogstydse Krygsdienskorps neergekom het. Die Krygsdiens- en Tegniese Personeeldepot is terselfdertyd herdoop na Administratiewe- en Tegniese Personeeldepot.

Wat die opleiding in die tydperk onder bespreking betref, is dit juis deur daardie depot behartig. Dit het sowel die basiese opleiding van Administratiewe Dienskorpsrekrute beplan en uitgevoer, as voorsiening gemaak vir, en die personeel genomineer vir kursusse vir ander range. Hierdie kursusse was van 'n klerklike- en bevoorradings-aard. Daar was maar min van hulle en dit is deur slegs 'n klein gedeelte van die korpspersoneel bygewoon. Administratiewe kursusse is egter ook by die destydse Suid-Afrikaanse Militêre Kollege aangebied, veral om personeel vir bevordering te laat kwalifiseer, en klem is veral gelê op kantooradministra-

sie en stoorboekhouding. Die opleidingspersoneel was so min dat die kursusse maar uiters oppervlakkig aangebied is, en aan logistieke opleiding te velde is feitlik geen aandag gegee nie. Dit het noodwendig 'n nadelige uitwerking op die bekwaamheid van die Administratiewe Dienskorpspersoneel gehad.

Na die naamsverandering in 1949 is die volgende Korpse van die Administratiewe Dienskorps afgestig — of is gedeeltelik daaruit afgestig — in afsonderlike korpse:

1. Suid-Afrikaanse Korps van Kapelane (Leër);
2. Suid-Afrikaanse Korps van Musikante;
3. Suid-Afrikaanse Spysenierskorps;
4. Burgerlikebeskermingskorps;
5. Suid-Afrikaanse Kodifikasie- en Katalogiseringsdiens;
6. Finansiedienskorps;
7. Suid-Afrikaanse Ammunisiekorps;
8. Welsynkorps.

Gedurende 1950 het daar ook 'n naamsverandering wat betref die beheer oor die Administratiewe Dienskorps in die staf van die Kwartiermeester-generaal plaasgevind. Dit het saamgeval met die oorplasing van die beheer oor die Tegniese Dienskorps na die Direkteur-generaal Landmagte. Daardeur het die pos van Adjunk-Kwartiermeester-generaal Tegnies op die staf van die Kwartiermeester-generaal verval, en het die Adjunk Kwartiermeester-generaal Administrasie bloot Adjunk Kwartiermester-generaal geword. Kort daarna het die Administratiewe- en Tegniese Personeeldepot ontbind, en is die funksies daarvan deur Kwartiermeester-generaal oorgeneem. Die wrywing tussen Kwartiermeester-generaal, Adjudant-generaal en die Direkteur-generaal Landmagte waarvan hierbo melding gemaak is, is daardeur verhoog, en in sy soeke na 'n oplossing vir die probleem het Kwartiermeester-generaal voorgestel dat Adjudant-generaal die beheer oor administratiewe- en tegniese personeel oorneem. Dit het in Augustus 1950 gebeur.

Kwartiermeester-generaal en Direkteur-generaal Landmagte was egter nog steeds vir die Administratiewe Dienskorps en vir die Tegniese Dienskorps respektiewelik verantwoordelik. In praktyk het Direkteur-generaal Landmagte sy beheer oor die Tegniese Dienskorps algaande verstewig, terwyl Kwartiermeester-generaal weer die beheer oor die Administratiewe Dienskorps al meer in die hande van die Adjudant-generaal gelaat het. Direkteur-generaal Landmagte het inderdaad mettertyd begin inmeng in sake rakende Administratiewe Dienskorpspersoneel in eenhede en hoofkwartiere onder sy beheer. Die gevolg was dat beheer en korps-eenheid verbrokkel het. Spesialisasie het gevolglik sy waarde verloor, en Administratiewe Dienskorpspersoneel is, ongeag hul opleiding, op een gesamentlike senioriteitslys geplaas.

Die Administratiewe Dienskorps het dus in 1954, aldus die destydse Adjudant-generaal, 'n ietwat vae organisasie gehad. Algemeen gesproke het die Korps, wat manskappe betref, uit administratiewe en pakhuispersoneel, dit wil sê 'A'-personeel vir klerklike diens en 'K'-personeel vir diens in verband met pakhuise, voorsiening, ammunisie, petrol en verwante take bestaan. 'n Anomalie was dat nie alle klerklike of pakhuispersoneel lede van die Administratiewe Dienskorps was nie, byvoorbeeld dié in die Artillerie- en Pantserkorps. Van die manskappe is in bogenoemde jaar 609 deur Leërstafhoof gebruik, 367 deur Kwartiermeester-generaal, 84 deur die Betaaldiens, 66 deur Adjudant-generaal, 8 deur Hoof van die Generale Staf en 5 in die buiteland. Wat die offisiere betref was hulle in die Tegniese- en Administratiewe tak van die Leër geklassifiseer, saamgegroepeer met offisiere van die Tegniese Dienskorps, die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens en sekere tegnies gekwalifiseerde offisiere van die Suid-Afrikaanse Seinkorps.

Wat die opleiding sedert die ontbinding van die Administratiewe- en Tegniese Personeeldepot in 1950 aan betref, was Direkteur-generaal Landmagte (vanaf 1951 Leërstafhoof genoem) daarvoor verantwoordelik. Daar is egter nie in sy Opleidingsafdeling vir 'n stafoffisier wat spesifiek met die opleiding van Administratiewe Dienskorpspersoneel belas was, voorsiening gemaak nie — dit terwyl daar wel voorsiening bestaan het vir stafoffisiere vir veldartillerie-, pantser-, infanterie- en genie-kursusse. Die gesamentlike sterkte van daardie korpse in die Staande Mag was in 1954 minder as seshonderd manskappe teenoor 'n totaal van 1 055 manskappe in die Administratiewe Dienskorps. Daar was ook min of geen koördinasie tussen Leërstafhoof, Adjudant-generaal en Kwartiermeester-generaal betreffende die opleidingsbehoeftes van die Administratiewe Dienskorps nie. Daar was min geskikte opleidingsmateriaal beskikbaar, geen administratiewe eenvormigheid nie, en die veldopleiding van Administratiewe Dienskorpspersoneel was minimaal. Die enigste ware opleiding was in praktyk indiensopleiding sonder genoegsame of selfs, in baie gevalle, effektiewe toe-

sighouding. Basiese opleiding vir rekrute is eers by die Militêre Kollege en later by die lugafweeropleidingsentrum in Kaapstad verskaf, maar daar is talle rekrute in diens geneem sonder dat hulle enige opleiding ontvang het.

Die volgehoue gebrek aan opleiding het natuurlik steeds 'n nadelige uitwerking op die kwaliteit van die Administratiewe Dienskorpspersoneel gehad. 'n Direkte gevolg daarvan was dat die gebrek aan bekwame instrukteurs bly voortbestaan het. Inderdaad is daar voor 1962, toe daar vir die eerste keer 'n Generale Stafoffisier (GS02) (Dienste) aangestel is, geen poging aangewend om Administratiewe Dienskorpsinstrukteurs op te lei nie. Daarna het verbetering ingetree: teen 1967 is personeel progressief opgelei vanaf rekruut tot by majoor, en om operasionele stafposte te vul moes studente die destydse erkende algemene stafkursus met sukses voltooi. Kandidaat-offisiere van die Administratiewe Dienskorps is in die sewentigerjare aan dieselfde opleiding as kandidaat offisiere van die ander korpse onderwerp, naamlik (in 1973) eerstens nege maande opleiding saam met die kandidaat-offisiere van al die ander korpse by Infanterieskool, tweedens ses maande vormingsopleiding by die Militêre Akademie en derdens nege maande gesamentlike korpsopleiding by die verskillende Korpsskole. Daarna is hulle as tweedeluitenante aangestel. Die kandidaat offisiere wat na afloop van vormingsopleiding vir die militêre graadkursus by die Militêre Akademie gekeur is, wat twee jaar geduur het, is egter na afloop van die gesamentlike korpsopleiding as volle luitenante aangestel. Daarna moes alle Administratiewe Dienskorpsoffisiere kursusse in Gevorderde Administrasie, Gevorderde 'K'-opleiding, Vegspantaktiek, Militêre Reg, Opleiding en Kwartiermeesterdiens te velde bywoon en slaag voordat hulle vir bevordering tot die rang van kaptein oorweeg kon word. Die gebrekkige opleiding waaraan die Administratiewe Dienskorps in sy beginjare mank gegaan het, is dus mettertyd vervang met 'n doeltreffende stelsel waardeur deeglikheid van personeel in die hand gewerk is. Teen 1975 was die Korps selfs verantwoordelik vir opleiding by die Diensvakskool, 1 Onderhoudseenheid, die Burgerlikebeskermingskollege en die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps Diensbataljon. By laasgenoemde het lede van die Kleurlingkorps bystand met die opleiding verleen.

Verbetering in die opleidingsstandaard kon egter nie die Administratiewe Dienskorps van uiteindelike ontbinding red nie, want ander aspekte van die aard van daardie Korps was vanaf 1951 vir volgehoue pogings om dit te verdeel, verantwoordelik. Ter wille van eenvoud van uiteensetting sal daardie aspekte sowel as die verdelingspogings in die volgende afdeling gesamentlik bespreek word.



Die ADK Kenteken

**4. Pogings om die Administratiewe Dienskorps te verdeel, 1951—1974**

In die tydperk 1951 tot 1957 is daar vyf onsuksesvolle pogings aangewend om die Administratiewe Dienskorps in sy belangrikste samestellende elemente, naamlik Administrasie en Krygsbehoeftes te verdeel en die administratiewe personeel onder beheer van die Adjudant-generaal te plaas en die Krygsbehoefte personeel onder beheer van die Kwartiermeester-generaal. Daar is destyds egter bevind dat sodanige voorstelle prakties bykans onuitvoerbaar was omdat dit 'n grootskaalse herskommeling en hergradering van poste sou meebring en die loopbaanvooruitsigte van die betrokke personeel sou verswak, en derhalwe is dit elke keer laat vaar.

Die 1951-verdelingsvoorstel het uit onderhandelinge tussen die Hoof van die Generale Staf en die Adjudant-generaal ontstaan, waartydens laasgenoemde voorgestel het dat die Korps verdeel moes word in 'n nuwe Administratiewe Dienskorps wat al die klerklike personeel (destyds ongeveer 330 in getal) moes bevat, 'n Intendanskorps vir voorraadpersoneel (ongeveer 364), en 'n Betaalkorps vir al die personeel op sterkte van die Hoofbetaalmeester. Die Hoof van die Generale Staf het die voorstel ondersteun, maar dit is om gemelde redes nie uitgevoer nie.

Aangesien die doeltreffendheid van die Korps as sodanig weens die heterogeniteit van sy samestelling bly afneem het, is die verdelingspogings

in 1952 hervat. Die maklike uitweg is egter weer gevolg en die pogings is laat vaar omdat die loopbaan-vooruitsigte van enkelinge belangriker as die effektiwiteit van die geheel geag is. In 'n poging om ten minste die effektiwiteit van die beheer oor die Korps te verhoog, het die Hoof van die Generale Staf in 1953 beslis dat Leërstafhoof algehele verantwoordelikheid vir die Korps moes aanvaar, wat beteken het dat Kwartiermeestergeneraal toe geen amptelike verantwoordelikheid vir die Korps gehad het nie. In praktyk het daar egter geen verandering plaasgevind nie, waarskynlik weens 'n leemte in die Leërstafhoof se organisasie.

Tydens 'n vergadering van die Generale Staf in 1954 is daar ooreengekom dat die vraagstuk van beheer oor die Administratiewe Dienskorps herondersoek moes word. 'n Komitee is aangestel om op die saak in te gaan, maar daar het weer niks van gekom nie. In 1957 het die Adjudant-generaal weer die besluite van 1953 en die vrugtelose onderhandelings van 1954 opgehaal en gevra dat die saak gefinaliseer moes word deur 'n totale oorname van die Administratiewe Dienskorps deur Leërstafhoof. Die Generale Stafoffisier, Administrasie, ('n kolonelpos wat in 1956 geskep is) het egter nie kans gesien om so 'n oorname te beheer nie, en die hele saak is weer uitgestel. Die Adjudant-generaal se beheer oor die Administratiewe Dienskorps is daarna inderdaad vergroot, tot in 1963, toe Leërstafhoof weer 'n lewendige belangstelling in die Korps begin toon het.

Op daardie stadium het die Adjudent-generaal en die Kwartiermeester-generaal se afdelings van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag feitlik uitsluitlik uit Administratiewe Dienskorpspersoneel bestaan. Aangesien veral die senior poste gevul moes word met ervare personeellede, het daar vanselfsprekend nie personeelverplasings plaasgevind nie. Die gevolg was dat daar in die Korps 'n kern van klerklike personeel met beperkte ondervinding en bruikbaarheid buite hulle veld gevorm is. Hulle was inderdaad eerder burgerlike klerke in uniform as soldate wat vir administratiewe take gebruik is. Voorkoms, dissipline, en identifikasie met korps- en magsbelange het as gevolg daarvan afgeneem en dus ook bygedra tot 'n korpsbelangeloosheid. Daar was steeds geen korpsinrigting en geen gekonsolideerde organisatoriese struktuur nie. Personeel is op een gesamentlike korps senioriteitslys geplaas en verhogings is op grond daarvan toegestaan, en nie op grond van kwalifikasies of aanstelling nie. Die 264 offisiere waarvoor daar destyds in die Korps voorsiening gemaak is, was gemoeid met administrasie, finansies, voorraad, ammunisie, bevoorrading en transport, orkeste, betalingdienste en verplasing. Professionele offisiere soos bibliotekarisse, regsoffisiere en argitekte moes ook in die Korps 'n tuiste vind. Wat ander range betref was daar in 1963 'n totaal van byna twee duisend, bestaande uit klerke, stoormanne, stoormanklerke, spyseniers, musikante, bibliotekarisse, kleremakers, brandweermanne, skietbaanopsigters en skoenmakers.

Daardie heterogene aard van die Administratiewe Dienskorps was medeverantwoordelik vir die feit dat, hoewel die Korps op papier bestaan het, dit in 'n fisiese sin nie bestaan het nie. Korpspersoneel het net in korpsaktiwiteite belanggestel in soverre dit hulle persoonlik geraak het. Die offisiere het besef dat daar nie juis 'n toekoms in die korps was nie — bevordering tot majoorrang was feitlik outomaties, verdere bevordering onwaarskynlik — en dit sou dus sinneloos wees om meer as net die nodige te doen om die werk te behou. Offisiere en ander range het boonop gevoel dat die algemene dienspersoneel op hulle neersien as nie goed genoeg of deeglik genoeg opgelei om verantwoordelike poste te vul nie, en die algemene dienspersoneel het die reg gehad om dit te doen, want die ongelukkige posisie het bestaan dat die Korps met 'n laer standaard personeellede tevrede was as wat die Algemene Diens aanvaar het. Dit was ook die aanvaarde praktyk dat swak personeel uit die Algemene Diens na die Administratiewe Dienskorps oorgeplaas is as klerke of stoormanne.

Die toestand wat in die vorige paragrawe geskets is, is in 1963 deur die Hopkins-komitee oor die Administratiewe Dienskorps in sy verslag aangegee as rede waarom die reorganisasie van administratiewe dienste in die Suid-Afrikaanse Weermag steeds dringend noodsaaklik was. Die komitee het dus aanbeveel dat die Korps ontbind en die volgende korpse gestig word:

1. Suid-Afrikaanse Krygsbehoeftekorps.
2. Suid-Afrikaanse Kommissariaat- en Transportkorps.
3. Suid-Afrikaanse Leër Algemene Administratiewe Korps.
4. Suid-Afrikaanse Leër Spysenierskorps.
5. Suid-Afrikaanse Betaalkorps.
6. Suid-Afrikaanse Korps van Kapelane.

Die eerste vier Korpse moes deur die Leër, en die laaste twee deur die Adjudant-generaal geadministreer word. Alle bestaande Administratiewe Dienskorps-poste moes by die nuwe Korpse ingedeel word op grond van die betrokke dienste.

Die verslag is nie opgevolg nie, en daar is nie verder gevorder met die verdeling van die Administratiewe Dienskorps nie. Die noodsaak daarvoor het egter bly voortbestaan, met die gevolg dat daar in Mei 1967 weer 'n Offisiersraad, hierdie keer onder voorsitterskap van brigadier H.R. Meintjies, saamgestel is om die saak te ondersoek en weer eens aanbevelings te maak vir die verdeling van die Korps. Teen Augustus 1967 het die Raadslede sonder uitsondering die mening uitgespreek dat die Korps in sy destydse vorm nie doeltreffend fungeer het nie. Die verdeelde beheer oor die Korps het 'n nadelige uitwerking gehad. Belangriker egter was die feit dat werksaamhede binne die korps hoofsaaklik verdeel was tussen administratiewe aangeleenthede en kwartiermeestersaangeleenthede. 'n Persoon wat hoofsaaklik in 'n krygsbehoefterigting werksaam was, kon onmoontlik op hoogte bly met aangeleenthede van die administratiewe rigting en andersom. Tog het dit dikwels gebeur dat persone wat in die Korps in 'n administratiewe- of 'n krygsbehoefterigting aangestel is, vir die doel van bevordering in 'n ander rigting ingedeel is, met die gevolg dat hy ondoeltreffende werk in sy nuwe rigting gelewer het, byvoorbeeld 'n adjudant-offisier wat 'n pakhuisman by 'n eenheid was en bevorder is tot hoofklerk by Hoof van Weermag Administrasie. Die Meintjies-komitee het daarom aanbeveel dat die Administratiewe Dienskorps in die volgende korpse verdeel moes word:

1. Administratiewe Korps.
2. Kwartiermeesterskorps.
3. Intendanskorps.
4. Betaalkorps.
5. Spysenierskorps.

Daardie aanbevelings is nie geïmplementeer nie, hoewel dit in 1968 opgevolg is deur 'n aanbeveling van die Hoof van die Leër aan die Hoof van Verdedigingstaf dat die aanbevelings, met uitsondering van dié een vir die stigting van 'n Betaalkorps, wel geïmplementeer moes word. Dit is nie gedoen nie, maar in die volgende jaar het die destydse Kommandant-generaal 'n versoek tot 'n Staatsdiensinspekteur, mnr J.H. Strydom, gerig om aandag aan die aangeleentheid te gee. Mnr Strydom het na ondersoek en evaluering van die aanbevelings van die Meintjies-raad 'n verslag ingedien waarvolgens die Administratiewe Dienskorps redelikerwys in vier korpse verdeel kon word, naamlik:

1. 'n korps vir die persone wat 'n suiwer administratiewe taak het;
2. 'n korps vir kwartiermeesters en aanverwante funksies;
3. 'n spysenierskorps;
4. 'n musiekkorps vir lede van orkeste.

Daar is voortgegaan met die stigting van die Spysenierskorps en die Korps van Musikante, maar aan die verdeling van die res van die Administratiewe Dienskorps is eers in 1971 weer aandag gegee toe Direkteur-generaal Personeel by die Hoof van die Leër aanbeveel het dat die Korps met vrug in die volgende sub-indelings, waarvoor gepaste benamings mettertyd gevind kon word, verdeel kon word, naamlik:

1. die suiwer administratiewe tak;
2. die voorradetak;
3. die betaalmeesterstak; en
4. die rekenkundige tak.

Hoof van die Leër, Hoof van Weermag Administrasie en Komptroleur, Suid-Afrikaanse Weermag het hierdie aanbeveling basies ondersteun, sodat die Kommandant-generaal in Junie 1972 by die Minister van Verdediging aanbeveel het dat 'n finansieskorps vir Administratiewe Dienskorpslede wat onder die Komptroleur geressorteer het, gestig moes word en die orige lede van die Korps in 'n administratiewe tak en 'n voorraadtak verdeel moes word. Die minister het op 17 Julie 1972 daartoe ingestem. Hierdie verdeling sou vorderingsmoontlikhede van Administratiewe Dienskorpspersoneel in die geheel nie benadeel nie, terwyl dit as gevolg van groter spesialisasie, doeltreffendheid in die hand gewerk het.

Die Finansiedienskorps is afgestig, maar met 'n verdeling tussen 'n voorradekorps en 'n administratiewe korps is daar tot in Oktober 1973 gesloer, toe daar weer 'n Komitee, onder brigadier D.J. Botha, aangestel is om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor stappe wat geneem moes word vir die verdeling van die Administratiewe Dienskorps in bogenoemde twee hoofkomponente. Die plan was dat die verdeling nie later as 31 Desember 1973 moes geskied nie. Die Komitee het voor die einde van November 1973 reeds voorsien dat hy nie sy werksaamhede betyds afgehandel sou hê vir 'n verdeling voor die einde van die jaar nie. Behalwe vir die feit dat die tydsduur wat toegelaat is, te beperk was, moes daar eers duidelikheid verkry word oor die indeling van poste by die twee onderskeie afdelings (deur daardie Komitee die Krygsbehoefte-tak en die Administratiewe-tak genoem). Aangesien

dit geblyk het dat daar poste was waar die administratiewe funksie en die krygsbehoefte funksie gekombineerd was, is daar ook gepraat van 'n Administratief-Krygsbehoefte-tak. Buiten vir hierdie komplikasie is daar boonop op daardie stadium aan die herorganisasie van die bo-struktuur van die Suid-Afrikaanse Weermag gewerk. Die Komitee het dus nie kans gesien om 'n aanbeveling te maak nie.

In Mei 1974 is aan die komitee opdrag gegee om sy werksaamhede te hervat, maar weens ander dringende werksaamhede van die lede daarvan, kon dit nie gebeur nie. 'n Nuwe komitee, waarvan brigadier W.J. Coetser die voorsitter was, is dus aangestel om die Administratiewe Dienskorps te verdeel. Hulle opdrag het hulle nie daaraan gebind om die Korps in slegs twee korpse te verdeel nie. Hulle is eers 6 en later 9 maande gegee waarbinne hulle hul werksaamhede moes afhandel.

**5. Die Verdeling van die ADK, 1975**

Die Coetser-komitee se verslag is in Februarie 1975 voorgelê. Daarvolgens het die Komitee, soos sy voorgangers, tot die gevolgtrekkings gekom dat die verdeling van die Administratiewe Dienskorps so spoedig moontlik moes geskied, omdat die destydse stelsel van bestuur van lede van die korps nie doeltreffend was nie, en die doeltreffendheid van die korps dus ook nie na wense was nie, en daar min professionele trots onder die lede was. Professionele offisiere is byvoorbeeld geriefliksheidshalwe by die korps ingedeel, maar het streng gesproke nie daar tuisgehoort nie.

Daar is aanbeveel dat daar vir die professionele offisiere 'n eie tuiste geskep moes word, waar hulle 'n identiteit kon ontwikkel. Wat die indeling van vakwerkers betref, is aanbeveel dat slagters by die Spysenierskorps, brandweermanne by die Burgerlikebeskermingskorps, en kleremakers by die Tegniese Dienskorps ingedeel moes word. Die res van die Administratiewe Dienskorps moes dan in 'n Personeeldienskorps en 'n Krygsbehoeftedienskorps verdeel word. Eersgenoemde moes gestig word uit lede van die Administratiewe Dienskorps wat met personeel- en algemene administrasie gemoeid was, moes in personeelbestuur spesialiseer, en moes die nodige spesialisopleiding in daardie rigting ontvang. Die Krygsbehoeftedienskorps moes gestig word uit lede van die Administratiewe Dienskorps wat in die voorraadrigting werksaam was, en aangesien dit nie beoog is om 'n vervoerkorps te stig nie, moes onderhoudspersoneel ook daarby ingedeel word.

Die werksaamhede van dié Korps sou dan te doen hê met die aanskaffing, aanvraag, ontvangs, opberging, lewering, verrekening, onderhoud, uitreiking en verspreiding van alle voorraad.

Wat die Burgermageenhede aan betref het die Komitee aanbeveel dat die Ontvangsdepots, Troepinformasie eenheid, en 5 Grafte en Grafteregistrasie eenheid aan die Personeeldienskorps toegewys word, en die Onderhoudseenhede, Lugvoorsieningskompanie, 11 Veldposeenheid, en 1 Verplasingseenheid aan die Krygsbehoeftedienskorps. Die Veldbetaaleenheid moes aan die Finansiedienskorps toegewys word. Verder is aanbeveel dat die beheer oor die Personeeldienskorps en die Krygsbehoeftedienskorps uitsluitlik by die Hoof van die Leër moes berus. Diensvakskool moes ontbind word en twee inrigtings, naamlik 'n Krygsbehoefteskool en 'n Personeelopleidingsentrum in die plek daarvan gestig word.

Wat die implementering van die aanbevelings betref is voorgestel dat alles gelyktydig moes plaasvind. Die professionele offisiere en vakverwerkers moes summier oorgeplaas word na 'n professionele diens en korpse soos reeds voorgestel, en elkeen van die orige lede van die Administratiewe Dienskorps moes 'n aansoekvorm voltooi vir plasing in 'n korps van eie keuse. Diegene wat nie geneë sou wees om 'n keuse uit te oefen nie, sou as volg ingedeel word: Indien sodanige lid 'n personeel- of algemene administratiewe pos beklee het en die nodige ondervinding en opleiding in daardie rigting gehad het, sou hy in die Personeeldienskorps ingedeel word. Indien hy egter in 'n krygsbehoeftepos werksaam was en die nodige ondervinding en opleiding in daardie rigting gekry het, sou hy by die Krygsbehoeftedienskorps ingedeel word. Opleidingspersoneel sou in die Personeeldienskorps ingedeel word, behalwe lede van 1 Onderhoudseenheid wat, soos lede destyds in logistiese stafposte, by die Krygsbehoeftedienskorps ingedeel sou word.

Die Coetser-komitee se aanbevelings is spoedig deur alle belanghebbende instansies bestudeer. Hoof van Staf Personeel het daarby aanbeveel dat professionele offisiere soos argitekte, bourekenaars, ingenieurs, landmeters en inspekteurs van werke met vrug in die Geniekorps, die Tegniese Dienskorps of die Suid-Afrikaanse Seinkorps ingedeel kon word. Die ander professionele offisiere, naamlik argivarisse, krygshistorici, militêreregtelike offisiere, stafoffisiere militêre museums, vryetydsbestedingsoffisiere, terminoloë, stafoffisiere publikasies, dosente, burgerleidingoffisiere, sport- en

liggaamlike opleidingsoffisiere, programmeerders en werkstudieoffisiere moes egter in 'n Korps van Professionele Offisiere onder beheer van Hoof van Staf Personeel ingedeel word. Hierdie aanbevelings is aanvaar, en ministeriële goedkeuring is verleen vir die ontbinding van die Administratiewe Dienskorps met afsluiting van diens op 31 Julie 1975. Die volgende nuwe korpse het met ingang 1 Augustus daaruit ontstaan:

1. Personeeldienskorps.
2.. Krygsbehoeftedienskorps.
3. Korps van Professionele Offisiere.

Wat die Staande Mag aan betref was die verdeling teen Maart 1976 finaal afgehandel. Wat die Dienspligtiges en Burgermag- en Kommandolede aanbetref, is die verdeling in die loop van 1976 voltooi. Die Julie 1976 denspliginname is dus nie meer deels toegesê aan die Administratiewe Diens korps soos die gebruik was nie, maar aan die Personeeldienskorps of die Krygsbehoeftedienskorps. Daarmee het die geskiedenis van administratiewe dienste in die Suid-Afrikaanse Weermag op organisatoriese vlak 'n nuwe fase betree.